#24

*Deur* **Shelly Bergh** • *Foto's* **Francois Oberholster**

# WEEF 'n trendy sitplek!

'n Ou bankie kry nuwe kleur met seilband en 'n kwas.

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 2/10
**Vaardigheidsvlak** 2/10
**Tyd nodig** 1 dag (die verf se droogtyd ingesluit)


## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- raam van 'n ou houtbankie of koffietafel
- 50m seilband in twee kleure
- Annie Sloan-verf in die kleur Scandinavian Pink
- verseëlaar soos Annie Sloan Wax, Woodoc Antique Wax of Sabre Paints Stoneseal

**GEREEDSKAP**
- skuurpapier • kwas • skêr
- aansteker • kramgeweer

## Só maak jy…








**1** Dis nie nodig om die bankie te skuur as jy krytverf gebruik nie, tensy die raam 'n hoëglansafwerking het – dan moet jy liggies skuur. Indien jy skuur, maak seker dis skoon en stofvry voor jy verf. **2** Wend twee lae verf oraloor die raam aan; laat elke laag goed droog word. **3** Verseël die verf indien jy Annie Sloan-krytverf gebruik. Tjhoko Paint het 'n ingeboude seëlaar.









**4** Bepaal hoe lank die seilbandstroke oor die lengte en breedte van die raam moet wees. Meet tot aan die binnekant van die raam en vou die ente dubbel sodat jy dit stewig kan vassit. Knip dan genoeg stroke – ons het 23 oor die breedte en nege oor die lengte van die bankie gebruik (dit sal afhang van hoe groot jou bankie se raam is). **5** Brand die ente van elke strook met die aansteker se vlam sodat die seil nie kan uitrafel nie.









**6** Begin met die kort stroke. Vou elkeen se een ent dubbel en kram dit aan die binnekant van een lang sy vas.
**7** Trek die stroke styf oor die raam se bokant, vou die ander ente om en kram vas aan die teenoorstaande lang sy se binnekant.
**8** Maak die langer stroke aan die bankie se kort sy vas, nes jy met die korter stroke in stap 6 gemaak het. Weef dit oor en onderdeur die korter stroke, trek goed styf, vou die ente dubbel en kram vas aan die teenoorstaande kort sy.



**KONTAK Shelly Bergh** shellybergh.com